

Koleka Mlisana neem by Abdool Karim oor

Christiaan du Plessis

Prof. Salim Abdool Karim glo die ministeriële advieskomitee oor Covid-19 is in goeie hande nadat sy bedanking as medevoorsitter gister aangekondig is.

Hy was aanvanklik die enigste voorsitter toe die komitee bykans 'n jaar gelede saamgestel is om wetenskaplike raad oor die Covid-19-pandemie aan dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, te verskaf.

Prof. Koleka Mlisana, voorsitter van die komitee se subkomitee vir laboratoriumtoetse, is reeds in Abdool Karim se plek aangestel en prof. Marian Jacobs behou die ander pos as medevoorsitter.

Abdool Karim het gister in 'n verklaring gesê hy wil weer op navorsing oor MIV en vigs fokus en sy akademiese verpligtinge nakom.

“In die ministeriële advieskomitee werk jy vir die liefde van die saak, stoei jy daaglik met 'n klomp inligting en sif jy deur feite, fiksie, samesweringsteorieë, aannames en vooruitskattings om wetenskaplik gegronde inligting te lewer,” sê Abdool Karim.

Mkhize het in 'n afsonderlike verklaring Abdool Karim, 'n bekroonde wetenskaplike, bedank vir die rol wat hy gespeel het in die regering se hantering van die pandemie.

“Hy het 'n betroubare figuur vir so baie Suid-Afrikaners geword wat gewoon geraak het aan sy unieke vermoë om komplekse wetenskaplike konsepte in eenvoudige terme te verduidelik sodat almal van ons dit kan begryp.”

Volgens die minister het Jacobs daartoe ingestem dat die komitee geherstruktureer word om beter te kan reageer op die jongste verwikkelinge van die pandemie.

“Die name van die hele komitee sal aangekondig word sodra die aanstellingsproses voltooi is.”

Mkhize sê hy het volle vertroue in Mlisana se kundigheid en vaardigheid en hy het haar ook sterkte toegewens met haar nuwe rol om die regering te ondersteun.

Prof. Mosa Moshabela, dekaan van die Universiteit van KwaZulu-Natal se departement van openbare gesondheid en verpleegkunde en 'n oudkollega van Mlisana, sê sy is die regte vrou vir die werk.

“Sy het reeds ervaring oor hoe



Prof. Salim Abdool Karim

die ministeriële advieskomitee funksioneer en boonop het sy 'n goeie verhouding met Mkhize.”

Volgens Moshabela sal Mlisana se grootste uitdaging wees om, soos Abdool Karim, komplekse wetenskaplike konsepte op 'n eenvoudige manier aan die publiek te verduidelik.

Mlisana is tans die uitvoerende bestuurder van akademiese sake, navorsing en gehaltebeheer van die nasionale gesondheidslaboratoriumdiens.

Voorheen was sy die departementshoof van mediese mikrobiologie van die UKZN.

Sy was langer as 'n dekade betrokke by navorsing oor MIV en sy het destyds met Abdool Karim saamgewerk by die sentrum vir die vigsnavorsingsprogram in Suid-Afrika (Caprisa). Sy was 'n lid van die raad van trustees van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad.